



# DIE 5 VOORWAARDES VIR GEBEDSVERHORING

Miskien het jy al gebed sonder dat jou gebede ooit beantwoord is. As ons eerlik is daarvoor voel elkeen van ons dalk dat daar duisende gebede opgaan hemel toe, maar net 'n paar antwoorde wat ooit na ons toe terugkom. Wat is die rede hiervoor? Waaraan is dit toe te skryf? Is gebed dan niks meer nie as net 'n bluf of iets wat ons onself verbeel werk, maar eintlik vir ons niks help nie? Wat is gebed?

Daar is egter ook 'n dieper vraag: belowe die Here dat Hy elkeen se gebede sal beantwoord? Nee. Dit is duidelik in die Bybel dat die Here sommige mense se gebede heeltemal ignoreer. Inteendeel, die Bybel leer ons dat daar bepaalde voorwaardes is vir gebede om verhoor te word. Kom ons kyk saam na elkeen van hierdie voorwaardes, want voordat jy aan hierdie voorwaardes voldoen, is jy besig om jou asem te mors wanneer jy bid.

## **Wat is die 5 voorwaardes vir gebedsverhoring?**

As jy aan hierdie voorwaardes voldoen, het jy die volste reg om verwag dat jou gebed beantwoord sal word.

### **1. Jy moet 'n eerlike verhouding hê met die Here.**

"As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry." Joh. 15:7. Hierdie is 'n pragtige belofte. In die Bybel het elke belofte egter 'n voorwaarde. Die belofte hier is: "Ek sal vir jou alles gee wat jy in gebed vra as jy in My bly." Met ander woorde: "...as jy 'n eerlike verhouding met My het."



Hoe bly ons in die Here Jesus? Die volgende sin verduidelik dit: "...deur My woorde wat in julle bly." Met ander woorde, die Here sê wanneer ons ons gedagtes volmaak met die Bybel, die Woord van God, bly ons in Hom. Die Here vereis van ons dat ons heel eerstens na Hom luister, voordat Hy na ons luister. As ek my nie steur aan dit wat die Here vir my sê in Sy Woord nie, hoekom moet Hy Hom daaraan steur wanneer ek met Hom praat?

Die beginpunt is om 'n eerlike verhouding met die Here te hê. Hoe? Deur die Woord. Dit is hoekom Bybelstudie so belangrik is. Jy vra: "Impliseer jy dat, as ek nie Bybelstudie doen nie, die Here nie my gebede gaan antwoord nie?" Nee, maar wat ek wel sê is dat jou gebedslewe nooit meer effektief sal wees as die mate waartoe jy die Bybel verstaan nie. Hoe beter jy die Bybel verstaan, hoe meer effektief sal jy bid.

## Hier is 3 vrae om jou te help om te bepaal hoe eerlik jou verhouding met die Here is.

### **1. Het ek nagelaat om dinge wat ek in die verlede verkeerd gedoen het, teenoor die Here te erken?**

Die Bybel noem dit onbelyde sonde. Dalk is dit 'n gesindheid, 'n gewoonte of 'n handeling. Wanneer ons ons eie pad loop en ons eie ding doen, verbreek dit die intimiteit tussen ons en die Here. Wanneer ons dinge wat ons weet verkeerd is probeer wegsteek vir die Here, word ons eerlike verhouding met die Here gebreek. Daar is 'n valsheid daarin om twee verskillende lewens te probeer lewe: een vir die Here en een vir myself. Die eerste ding wat ek myself moet afvra is: "Het ek teenoor die Here erken dat ek verkeerd opgetree het?" Psalm 66:18 sê dat as ek sonde in my hart probeer wegsteek, die Here nie na my sal luister nie. Jes.59:2 sê dat dit ons sondes is wat skeiding maak tussen ons en die Here. Spreuke 28:13 sê: *"Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang."*

Wat behoort ons te doen? 1 Joh.1:8-9 *"As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."* Wat beteken dit om ons sondes te bely? Belydenis beteken heel eenvoudig om eerlik te wees met die Here. Dis om te sê: "Here, U is reg. Ek was verkeerd. Daardie jaloesie of ongeduld was verkeerd. Vergewe my asseblief." Die heel eerste manier hoe ons kan agterkom of ons 'n eerlike verhouding met die Here het of nie, is of ons daarvoor eerlik is wanneer ons foute maak.

### **2. Is ek tans besig om enige van die Here se beginsels in my lewe te ignoreer?**



Met ander woorde, wanneer die Here vir my sê om iets te doen of wanneer ek weet ek hou vas aan iets wat die Here sê ek moet prysgee, verbreek dit my gebedsverbinding met die Here. 1 Joh. 3:21-22 *"Geliefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie, het ons vrymoedigheid om na God te gaan; en wat ons vra, kry ons van Hom omdat ons sy gebooië gehoorsaam en doen wat Hy goedvind."*

Jy vra: "Hoe kan ons ooit al die Here se gebooië onderhou? Niemand is tog volmaak nie. Hoe gaan ek ooit enige een van my gebede beantwoord kry?" Die Here verwag nie van ons volmaaktheid nie. Al wat Hy vra is gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid is heel eerstens 'n ingesteldheid. Ek wil die regte ding doen voor die Here. Die Here verwag nie volmaaktheid nie, maar Hy verwag dat jy aan Homs al gehoorsaam wees.

Hier volg 'n eenvoudig illustrasie: Ek sê vir my 4-jarige dogtertjie om haar kamer skoon te maak. As ek na 30 minute by die kamer gaan inloer en dit is half gedoen, gaan ek nou vir haar daarvoor uittrap? Nee, sy is maar net 4 jaar oud. Sy het haar bes gedoen. Sy is nie volmaak nie. As ek egter na 'n halfuur by haar kamer instap en sy sit steeds voor die TV, het ek rede om kwaad te wees. Hoekom? Want as haar pa, het ek die reg om te verwag dat sy aan my moet gehoorsaam wees. Ek verwag dus nie dat sy volmaak moet wees nie, maar ek verwag wel gehoorsaamheid, m.a.w. 'n gesindheid wat sê: "Ek wil graag die regte ding doen."

Ek vra myself dus nou af: "Steek ek op die oomblik iets vir die Here weg in ons verhouding? Is ek tans besig om te doen wat Hy graag wil hê ek moet doen? "

### **3. Wil ek regtig hê dat die Here se wil in my lewe moet geskied?**

1 Joh. 5:14 "En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra." Wanneer ons vra in lyn met die Here se wil kan ons die vrymoedigheid hê in ons gebede om te weet dat die gebed beantwoord sal word.

Die meeste gelowiges maak 'n groot fout in gebed. Hulle vra die hele tyd: "Here is dit U wil?" oor elke klein dingetjie. Die belangrikste saak is nie of dit wat ek vra presies binne die Here se wil is nie, maar eerder of ek as persoon binne die Here se wil is. As my lewe binne die Here se wil is, gaan my begeertes ook binne die Here se wil wees.

St. Augustine het gesê: "Love God and do what you please." Hoekom het hy dit gesê? Want as jy regtig vir die Here lief is met jou hele hart, gaan jy nie enigiets wil doen waarmee Hy ontevrede is nie.

Daarom het jy nie nodig om die heelyd te vra: "Is dit U wil" nie. Wanneer jy 'n nuwe motor wil koop: "Here, is dit U wil dat ek 'n blou of rooi motor koop?...Here is dit U wil dat ek vark of bees sosaties koop?" Nee, jy het nie nodig om die Here se wil te vra oor elke klein saak nie. Kry eerder jou lewe binne die Here se wil en sê: "Ek is besig om na my beste vermoë te doen wat die Here wil. Here, help my om altyd binne U wil te bly." Dan vra jy die Here volgens die begeerte in jou hart.

Hoe ken ek die antwoord op die vraag: "Wil ek regtig hê die Here se wil moet geskied in my lewe?" Hoe kan ek seker wees dat ek dit regtig wil hê? Dis baie eenvoudig. Hoe graag lees jy jou Bybel? Want die enigste manier hoe jy die Here se wil kan leer ken is deur die Bybel te lees. Die Bybel vertel ons wat is God se wil. Daarom wil jy dit graag lees; jy wil dit graag bestudeer.

So die eerste voorwaarde vir beantwoorde gebed is om 'n eerlike verhouding te hê met die Here.

## **2. Jy moet in vergifnis wandel teenoor ander.**

*"Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees. En wanneer julle staan om te bid, en julle het iets teen iemand, vergewe hom; dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredings vergewe."*  
Markus 11:24-25.



Naas geloof is vergifnis die heel belangrikste aspek wat deur die Bybel verbind word met gebedsverhoring. Elke keer wanneer die Here Jesus praat oor gebed, praat Hy oor vergifnis. Hoekom? Want niks maak jou gebede vinniger dood as bitterheid nie. Wanneer jy iets teen iemand hou, wanneer jy toelaat dat bitterheid groei in jou hart, slaan dit jou gebede morsdood. Miskien ervaar jy nie antwoorde op jou gebede nie, omdat jy iets teen iemand hou.

In Matteus 5 sê die Here Jesus in die bergprediking dat, wanneer jy kerk toe gaan en jy 'n offer aan die Here bring, en jy onthou datjy iets teen iemand het, of dat iemand iets teen jou het, stop, los die

offer net daar, gaan soek die betrokke persoon, maak eers vrede, dan kom jy terug en gee jou offer aan die Here. Hoekom? Die Here sê dat jy nie Hom kan liefhê as jy jou broer haat nie. Een van die primêre redes hoekom mense nie gebedsverhoring ervaar nie, is omdat hulle bitterheid in hulle harte toelaat.

Hebreërs 12:15 (Living Bible) *"Watch out that no bitterness take root among you for as it springs up among you it causes deep trouble, hurting many in their spiritual lives."* Bitterheid is soos gif. Dit sal jou lewendig verteer. Jy kan nie onvergifnis in jou hart hê en beantwoorde gebede nie.

Wat bid ons in die Onse Vader? *"Vader, vergewe ons ons oortredinge, soos ons ook diegene vergewe wat teenoor ons oortree."* Ons sê: "Here, ek wil hê dat U my moet vergewe volgens die mate waartoe ek ander vergewe." Bitterheid en onvergifnis gaan jou gebede blokkeer.

1 Petrus 3:7 sê hoekom ons gebede soms nie beantwoord word nie. Petrus praat hier oor die huwelik. Almal weet dat die plek waar mense dikwels die meeste rusies en onvergifnis het is in gesinne. Mans maak hulle vroue seer, vroue maak hulle mans seer, ouers maak hulle kinders seer en andersom. Bitterheid kom dikwels voor in gesinne. Petrus praat in vers 7 met die mans en sê: *"Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder."*

Het jy geweet dat die Bybel leer dat onenigheid in die huis gebedsverhoring verhinder? Dis hoekom sommige mense se gebede nie beantwoord word nie. Inteendeel, die Bybel sê hoe jy jou vrou hanteer beïnvloed jou gebedslewe. Dis 'n bietjie sterk gestel. Wanneer die Bybel die eienskappe van 'n herder en 'n diaken lys, is een van die eienskappe waarvoor hy moet beskik dat hy 'n gelukkige, vredevolle huislike lewe moet hê. Hoekom? Want as daar spanning by die huis is, gaan die gebede van daardie leiers heeltemal oneffektief wees volgens die Bybel.



### **3. Jy moet vrygewig wees.**

Dit is die beginsel van saai en oes, gee en jy sal ontvang. Hoe meer jy gee, hoe meer ontvang jy terug. As jy wil hê die Here moet jou seën, moet jy ook graag ander mense seën met die middele wat die Here aan jou toevertrou.

Spreuke 21:13 *"As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van 'n arm mens, sal jy ook nie antwoord kry as jy roep nie."* Hierdie is maar net 'n feit. Die Here sê dat, as ons nie omgee oor ander se behoeftes nie, hoekom moet Hy omgee oor ons behoeftes? Hy wil graag hê dat ons moet wees soos Hy. 'n Voorwaarde vir die Here om ons lewens te seën is dat ons 'n seën moet wees vir ander. As ons die behoeftes van die mense rondom ons doelbewus miskyk, watter reg het ons om te verwag dat die Here ons moet help?

1 Joh. 3:22 sê: "...wat ons vra, kry ons van Hom omdat ons sy gebooie gehoorsaam..." Wat presies is Sy gebooie? Die volgende vers sê: "*En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het.*" Hy sê dat een van die maniere om die Here se gebooie te gehoorsaam, is om ander lief te hê. Waarvan praat Hy? Vers 17 sê: "*Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie – hoe kan die liefde van God in hom wees?*"

Een van die bewyse van liefde in ons lewe is ons bereidwilligheid om vrygewig te wees teenoor ander. Die Here seën ons sodat ons tot seën kan wees vir ander. Dit is die beginsel van rentmeesterskap. Ons is slegs die kanaal. Ek kan nie verwag dat die Here my besigheid seën as ek nie bereid is om ten minste 'n gedeelte van my wins waarmee Hy my geseën het aan Hom terug te gee nie. Jy sê: "Ek vra die Here vir goeie gesondheid." Wat gaan jy doen met 'n gesonde liggaam wanneer jy dit gekry het? Gaan jy al jou tyd en aandag spandeer op jouself of gaan jy dit gebruik om ander te help? Een van die voorwaardes vir gebedsverhoring is 'n bereidwilligheid om ander wat minder bevoorreg is as onself te help met die seëninge wat ons ontvang.

Jakobus 4:1-2 sê: "*Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie? Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle. Julle kry nie, omdat julle nie bid nie*" Vers 3 gee vir ons 'n verdere rede hoekom ons gebede verhinder word: "*As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.*" Hy sê hier dat motief baie belangrik is in gebed. Hoekom jy bid is belangriker as waarvoor jy bid.

Is dit moontlik om vir die regte dinge te bid, maar met die verkeerde motief? Beslis. Mag ons dan nooit bid vir ons eie behoeftes nie? Natuurlik mag ons. Die Here Jesus het dan self gesê dat ons vir ons eie behoeftes moet bid. Hy sê ons moet bid: "*Gee ons vandag ons daaglikse brood.*" In Markus 11 sê Hy selfs dat ons kan bid vir ons begeertes. Die vraag is egter: "Is jy bereid om jou seëninge te deel met ander of maak jy dit bymekaar net vir jouself?"

Die Here is nie bereid om bloot al ons eie selfsugtige begeertes te vervul nie. Ek lees nou die dag van 'n man wat letterlik 'n multi-miljoenêr is. Hy lewe baie naby aan die Here. Die Here het sy besigheid geseën. Net 'n paar jaar tevore was hy bankrot verklaar en vandag is hy skatryk. Wat baie interessant is aangaande hierdie man is dat hy 97% van al sy wins weggee en slegs lewe van die oorblywende 3%. Hoe kry hy dit reg? Hy sê dat hy van jongs af geleer het om vir ander te gee van dit waarmee die Here hom seën. Hy sê dat, hoe meer hy vir ander gee, hoe meer die Here hom seën. Eers het hy 20% van sy wins vir ander gegee, toe 30% en vandag gee hy 90% daarvan weg...en hy is steeds 'n muti-miljoenêr.

As jy graag wil hê dat die Here jou moet seën, moet jy bereid wees om 'n kanaal te wees van seën vir ander.

#### **4. Jy moet glo dat die Here jou gebed gaan beantwoord.**

Jakobus 1:5 sê: “As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.” Hy sê: “As jy wysheid kortkom, vra die Here. Hy sal dit vir jou gee.” Hy gaan nie daarvoor kla nie. Jy het nie nodig om Hom te oortuig om dit te doen nie.



Vers 6-8: “Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.”

Jy moenie twyfel nie. Jy moet verwag dat die Here jou gaan antwoord. Daar is net een soort gebed wat die Here beantwoord: die gebed wat gebid word in geloof. Mat.9:29 sê: “Wat julle glo, sal gebeur.” Wat verwag jy die Here om in jou lewe te doen? Hebreërs 11:6 sê: “As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil.” Jy kan nie die Here se wil doen sonder geloof nie. Dit is die nr.1 voorvereiste in die lewe. Jy moet geloof hê.

Wat presies is geloof? Is geloof om te glo dat die Here iets kan doen? “Ek glo die Here kan dit doen!” Dit is nie geloof nie! As jy bloot glo dat die Here iets kan doen, is dit maar net 'n feit. Die Here kan dit doen of jy dit glo of nie. “Ek hoop regtig dat die Here dit sal doen!” Dis ook nie geloof nie. Dit is hoop. Jy hoop Hy sal dit doen.

“Ek glo die Here sal dit doen!” Dit is geloof. Nou glo jy nie net die Here kan dit doen nie. Jy hoop ook nie dat Hy dit sal doen nie, maar jy glo Hy sal dit doen. Geloof!

Geloof is nie dieselfde as begeerte nie. Sommige mense dink: “Ek het hierdie geweldige groot begeerte. Ek het hierdie doelwitte waarvoor ek bid – doelwitte vir my huwelik, gesin, finansies, gesondheid. Ek bid regtig vir hierdie doelwitte. Ek het 'n sterk begeerte daarvoor.” Begeerte is nie dieselfde as geloof nie. Begeerte kan aanleiding gee tot geloof, maar dit is nie geloof nie.

As die Here sommige mense se gebede beantwoord sal hulle 'n hartaanval kry! 'n Gebed wat beantwoord word! Dalk word so min van ons gebede beantwoord deur die Here omdat dit presies ons verwagting is! Die Bybel sê “volgens ons geloof”, nie volgens ons vermoëns nie, nie volgens ons opvoeding nie, nie volgens hoe 'n goeie persoon iemand is nie, maar “volgens jou geloof sal dit aan jou gegee word.”

Die feit is, as jy aan die vereistes wat die Bybel stel voldoen het, m.a.w. as jy 'n eerlike verhouding het met die Here, as jy geen onvergewensgesindheid het teenoor enigiemand wat jy van bewus is nie, as jy bereid is om dit wat die Here jou mee seën te gebruik om tot seën te wees vir ander en jy vra in geloof, dan het jy die reg om te verwag dat die Here jou gebede sal beantwoord.



## **5. Die vyfde voorwaarde vir gebedsverhoring is: Jy moet bid in die Naam van Jesus.**

*"Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word." Joh.14:13*

*"Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees." Joh.16:24*

Wat is so spesiaal aan die Here Jesus se naam? Die meeste gelowiges het geen idee nie. Hulle hoor hoedat mense bid en dan die gebede afsluit met die woorde "in die Naam van Jesus. Amen." Dan dink hulle dit is maar net 'n manier hoe om die gebed af te sluit. Soos om vir iemand totsiens te sê oor die telefoon.

Ander mense dink weer dat die woorde "in die Naam van Jesus" 'n mistiese of magiese towerslag spreek is wat vir jou spesiale toegang gee tot die Here. Amper iets soos 'n geheime kode. "Hier is al my versoeke. O ja, en hier is die kode...in die Naam van Jesus."

Wat beteken dit dan om te bid "in die Naam van Jesus"? Die volgende verhaal illustreer dit so mooi. 'n Predikant het eenkeer sy seun en sowat 14 van sy seun se vriende na die skou toe geneem vir sy verjaarsdag. Hy het 'n rol kaartjies gekoop en by die punt van elkeen van die rye gestaan wanneer die kinders iets wil ry. Dan het hy vir elkeen van sy seun se vriende 'n kaartjie gegee. Hy het dit sommer net uitgedeel. Terwyl hy die kaartjies nog so uitdeel, kyk hy op en sien dat daar 'n klein seuntjie voor hom staan met sy hand na hom toe uitgesteek wat hy nog nooit tevore gesien het nie. Hy stop toe en sê: "Hoekom moet ek vir jou 'n kaartjie gee?" Die jong seun draai om en wys sy vinger na die predikant se seun toe en sê: "Oom se seun het gesê Oom sal vir my een gee." Toe gee hy dit vir hom.

Hier is die punt. Ek het geen reg dat die Here enige een van my gebede beantwoord nie. Wat laat my dink dat die Here my gebede moet beantwoord? Die Here skuld my niks nie. Ek skuld Hom baie, maar Hy skuld my niks nie. Wanneer ek na die Here toe kom met enige versoek, kom ek nie op grond van my eie meriete nie, maar ek kom op die meriete van die Here Jesus. Ek kom en sê: "Vader, ek kom na U toe, want U Seun het gesê ek moet. Ek kom op grond van wat die Here Jesus alreeds vir my aan die kruis gedoen het en Hy het belowe dat ek kan vra in Sy Naam. Here, ek kom in die Naam van Jesus."

Die Here Jesus is die brug tussen God en die mens. God het gekom in die vorm van 'n mens, die Here Jesus. Die Bybel sê daar is slegs een Middelaar, een brug, tussen God en die mens. Die Here Jesus het gesê: "Ek is die Weg. Niemand kom na die Vader toe, behalwe deur My nie." Hy is die brug na God toe.

Veronderstel ek gaan na 'n bank waar ek geen rekening het nie, ek haal my tjekboek uit, skryf 'n tjek uit vir R100 000 en skryf my naam daarop. Ek gee dit tjek vir die teller. Sy sien onmiddellik dat die tjek van 'n ander bank afkomstig is en sê: "Het u 'n rekening by ons bank?" Ek antwoord natuurlik in die negatief. Dan verduidelik sy: "Ek is jammer, maar ek kan ongelukkig nie hierdie tjek aanvaar nie. Dit is wel in u naam, maar u het nie 'n rekening by ons nie."



Veronderstel nou dat ek 'n vriend het wat 'n miljoenêr is en ons stap saam in by die bank waar hy 'n rekeninghouer is. Hy loop na die dame agter die toonbank en sê: "Gee asseblief vir my vriend hier 'n bietjie kontant." Hy haal sy tjekboek uit, maak 'n tjek aan my uit, sit sy handtekening daarop en oorhandig dit aan die dame. Nou gebeur daardinge. Hy is 'n goeie kliënt by die bank met 'n goeie kredietrekord.

Die Here Jesus het 'n uitstekende kredietrekord by Sy hemelse Vader. Waar ek dalk geestelik bankrot is, het Hy meer as genoeg van alles wat ek mag nodig hê. Wanneer ek na die Here toe kom en bid: "In die Naam van Jesus" sê ek eintlik die volgende: "Here, ek besef dat U geen rede het hoekom U my moet gee wat ek vra nie, maar ek kom in die Naam van Jesus, ek kom op grond van wat die Here Jesus gedoen het."

Is dit altyd nodig om die woorde: "In die Naam van Jesus" te sê aan die einde van elke gebed? Ek dink nie dit is nodig as jy die regte gesindheid het nie, maar ek dink tog dit is 'n goeie idee. Ek glo nie daar is enigiets mee verkeerd om dit altyd te doen nie. Hoekom? Want dit herinner jy dat die reg het om te mag bid. Dit dien as 'n konstante herinnering. Jy hoef dit nie aan die einde van elke gebed te sê nie; jy kan di took selfs aan die begin sê. "Vader, ek kom na U in die Naam van Jesus" en dan vra jy die Here wat ookal op jou hart is. Jy hoef dit nie nete sê aan die einde nie. Dit is egter 'n goeie herinnering dat wat ons bid op grond van die meriete van die Here Jesus is, nie ons eie nie. Ons bid tot die Vader deur die Seun.

Watter van van hierdie voorwaardes het jy nagelaat in jou eie lewe? Dit is waarskynlik die rede waarom jou gebede nie verhoor is nie.

Miskien koester jy 'n wrok teen iemand. Miskien het jy toegelaat dat jou hart vol bitterheid word. Miskien weier jy om te erken dat jy verkeerd is. Eintlik weet jy diep in jou hart dat jy verkeerd is, maar jy het nog nooit na die Here toe gegaan en gesê: "U is reg, Here. Dit is verkeerd nie. Ek erken dit," nie. Ons probeer mos om alles te regverdig en toe te smeer vir die Here. Miskien het jy gebid, maar nooit regtig verwag dat die Here jou gebede gaan beantwoord nie. As jy nie bid met die verwagting dat die Here sal antwoord nie, is jy besig om jou tyd te mors. Moenie eers bid nie. Die Here sê: "As jy nie glo dat ek jou sal antwoord nie, hoekom bid jy in die eerste plek?" Dit is 'n voorwaarde. Miskien het jy nie jou seëninge met ander gedeel nie. Miskien was jy nie bereid om 'n deel van dit wat die Here vir jou gee, aan Hom terug te gee nie.

Miskien het jy nie in Sy Woord gebly nie. Jy het jou tyd met die Bybel en Bybelstudie afgeskeep. Het jy gebid in die Naam van Jesus? Jy kan nie bid in die Naam van Jesus, tensy jy Hom ken as jou Vriend, as Redder en Here nie. Die heel belangrikste vraag is: "Het jy 'n eerlike verhouding met die Here?" Ons praat nie van kerklidmaatskap nie. Ons praat nie van om godsdienstig te wees nie. Ons praat van verhouding. Die Here wil graag hê ons moet Hom persoonlik ken.



## Gebed:

Wil jy nie saam met my bid nie? Miskien was jy nog nooit tevore in jou lewe seker oor jou verhouding emt die Here nie. Jy kan dit vandag vir eens en vir altyd uitklaar. Wil jy seker wees dat jy 'n kind van God is? Wil jy seker wees dat jy die Here Jesus in jou lewe het, dat jy aan Hom behoort? Bid die volgende. Onthou, die woorde is nie so belangrik as die gesindheid van jou hart nie: "Here, ek besef ek het U nodig in my lewe. Ek erken dat ek sonder U probeer lewe het en ek vra dat U my daarvoor sal vergewe. Ek glo dat U my sal vergewe. Dankie dat U my liefhet. Here Jesus, help my om in U te glo. Ek wil graag in U glo. Ek wil graag beheer van my lewe aan U oorgee. Ek wil graag lewe soos wat U van my verwag. Kom in my lewe in."

As jy hierdie gebed gebid het, is dit die beginpunt van jou Christelike lewe. 'n Aanvanklike toewyding teenoor die Here. Jy het nie nodig om nou reeds alles te verstaan nie. Jy sê bloot: "Here, ek het U nodig. Ek wil U graag leer ken. Ek wil graag die Here Jesus in my lewe hê."

Miskien sê jy: "Ek weet ek is 'n kind van God, maar ek besef nou dat ek nie aan hierdie voorwaardes voldoen van gebedsverhoring nie. Ek verstaan nou hoekom my gebede nie beantwoord word nie. Vandag verbind ek myself daartoe om 'n lewe te lei van vergifnis teenoor ander, om vrygewig te wees en om te glo met my hele hart."

Here, dankie dat die Bybel so prakties en van toepassing is op ons lewens. Dankie dat U ons wil help. Dankie dat gebed nie 'n groot geheimenis is nie, maar eenvoudig om met U te kan kommunikeer. Wanneer ons voldoen aan die vereistes wat U vir ons stel, dankie dat U ons gebede verhoor. Dankie vir die voorreg om te kan bid. In die Naam van Jesus. Amen.